Getal 7

Nou kom die sewe paddas. Hulle is maats van die ses eende, wat vertel hoeveel pret hulle in hulle nuwe huis het. Hulle nooi die paddas om hulle bure te wees. Die paddas het ook plek nodig om te spring sonder dat hulle hul koppe teen die mure of plafonne stamp, en elke padda wil sy eie kamer hê. Hulle spring op en af en kyk binne rond. Hulle besluit dat daar genoeg ruimte is om gemaklik te wees omdat hulle kleiner as al die ander diere in huisie nommer 1 tot 6 is.

Die getalsimbool 7 en die getalnaam sewe kom op die voordeur van die huis waar almal dit kan sien. En daar is sewe deurklokkies op die deur. Die sewe paddas gebruik nie altyd die voordeur nie, want hulle verkies om in en uit by die vensters te spring. Hulle geniet dit om te kyk wie die hoogste kan spring.

In elke slaapkamer wil hulle 'n groot bad hê sodat hulle kan swem wanneer hulle wil. Hulle bou ook 'n dammetjie in hulle sitkamer. Daar is sewe lelieblare sodat elkeen 'n plek het om te sit. Toe die ander diere hulle kom welkom heet, vind hulle al sewe paddas aan die swem in hulle dam.

7	sewe